

18 April 2021

# Graad 4 – 7 Kategese

OUPA ABIE GESELSBLAD

## Lukas 24:36-48

wat wil jy vandag **bereik**?  
God doen wat Hy sê. Ons hoef nie te skrik nie.

ons **storie**: waar is ons nou?)

Het jy al een keer vir iets geskrik waarvoor jy eintlik nie bang hoef te wees nie? Wat het gebeur?

Kan ons verbaas of geskok wees wanneer God doen wat God belowe het?

## GOD se storie

wat sê **die Bybel** (daar en dan)

Lees **Lukas 24:36-42** saam as 'n groep of familie.  
Kyk dan die **Oupa Abie video** wat gaan oor die teksgedeelte

nouts  
praktiese wysheid...



**Nous** volg drie hoofbewegings in ons kategese-benadering.

### 1. Ons eie storie

*Die eerste gedeelte vra vrae oor ons huidige belewenisse en sienings oor 'n sekere tema.*

### 2. God se storie


Die tweede gedeelte hanteer die teks van die week. Meesal gaan die Abie video daarvoor. Vrae oor die teks word gevra.

### 3. Ons nuwe storie

In die laaste fase gesels ons oor die betekenis van God se storie in ons lewens. Ons integreer wat ons gehoor het, by ons eie lewens.

Moontlike AKTIWITEIT vir voor of na die tyd

By <http://www.minieco.co.uk/super-quick-paper-toy-flying-fish/> is 'n oulike idee om kleurvolle papier-vissies te maak. Die vroeë kerk het 'n vissie-teken gebruik om van Christene te praat. Die Griekse woord Ichthys (vis) word gevorm as jy elke eerste letter neem van Jesus Christus, Seun van God, Verlosser (in Grieks) en dit saamvoeg. Loer gerus by <https://en.wikipedia.org/wiki/Ichthys>



## gesels dan oor die volgende saam

Hoe help Oupa Abie jou om oor die teks te dink?

Hoekom skrik die dissipels? Wat dink jy sou jy gedoen het as jy een van die dissipels was?

Hoekom vertel Lukas (die skrywer) vir ons dat Jesus vis geëet het? Is dit belangrik om te weet?

Jesus vertel hulle net gou weer wat Hy lankal vir hulle vertel het. Maar nou verstaan hulle dit regtig vir die eerste keer werklik. Hoekom?

## ons **nuwe** storie (verder en voor)

(Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons)

Jesus leef regtig en Hy is tussen ons, deur sy Gees. Hoe kan ons dan dink oor die dinge wat ons skrik maak?

Waarvoor is jy dalk tans bang of oor benoud? Hoe help dit jou om te weet dat Jesus lewe?

Jesus se groetwoorde na sy opstanding is dikwels "Vrede!" Hoe gee dit vir jou nuwe moed?

## **na** die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

## **bid** vir mekaar

Dank Jesus wat vir ons kom sterf het en dat ons saam met Hom kan lewe.

Vra dat die Heilige Gees die kerk met krag vul om reg te leef.

Bid dat mense God se lewe en krag in die wêreld sal raaksien en nie sal skrik nie.

